(b) The notice shall state the time, place, date and purpose of the meeting and no business shall be transacted which is not related to such purpose.

5. PROVISIONS COMMON TO GENERAL MEETINGS

(a) The quorum at a general meeting shall be 20 members present in person.

(b) (i) If within half-an-hour after the time appointed for the meeting a quorum is not present, the meeting, if convened upon the requisition of members, shall be dissolved; in any other case it shall stand adjourned to a day not earlier than seven days and not later than 21 days after the date of the meeting and if at such adjourned meeting a quorum is not present within half-an-hour after the time appointed for the meeting the members present in person or by proxy shall be a quorum.

(ii) Where a meeting has been adjourned as aforesaid the President shall fix a time, date and place for the reconstituted meeting and the Secretary shall, not less than four days before the date to which the meeting has been adjourned, send a written notice to each member stating the time, date and place of the meeting.

(c) A general meeting at which a quorum is present may be adjourned to a time, date and place decided by such meeting.

(d) The following rules of debate shall be observed at all general meetings:

(i) Except with the consent of the Chairman, no member shall be permitted to speak more than once on the same question, save that the mover of any motion shall be entitled to speak in reply.

(ii) The mover of a motion shall not speak for more than 15 minutes and any other member may not speak for more than 10 minutes, provided that the Chairman may extend such periods by such time as he may decide.

(iii) Whenever an amendment to a motion has been moved and seconded, no further amendment shall be moved or seconded until the first amendment has been disposed of. If any amendment is carried, the motion as amended shall take the place of the original motion and shall become the question on which any further amendment may be moved.

(iv) The Chairman may call the attention of the meeting to any unbecoming language or a breach of order or discipline on the part of a member and may direct such member to discontinue his speech or to leave the meeting.

(v) If a member who has given proper notice of a motion is not present and has not withdrawn the motion, any member present may, with the consent of the Chairman, propose the motion as if the notice had been given by him.

(vi) No member whose subscription is in arrear for more than two months shall be entitled to vote or be present at a general meeting.

(vii) All matters shall be decided by a majority of members voting in person or by proxy.

(viii) The vote shall be taken in the manner directed by the Chairman.

(ix) If the votes are equal the Chairman shall be entitled to a second or casting vote.

(e) A proxy holder shall be a member.

(f) A proxy shall remain in force only for the particular meeting for which it is given and for any adjournment thereof.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(g) 'n Volmag moet in sodanige vorm wees as wat die Raad van tyd tot tyd bepaal en moet in die vorm wees soos in die Eerste Bylae hiervan uiteengesit.

(h) Geen volmagsvorm is geldig nie tensy dit onderteken is deur die persoon wat sodanige volmag verleen en by die Sekretaris ingelewer word minstens 24 uur voor die tyd wat vasgestel is vir die vergadering waarop dit na voorneme gebruik gaan word.

(i) Op 'n algemene vergadering is die President, by wie se ontstentenis 'n Vise-president wat die Raad benoem, by wie se ontstentenis 'n lid van die Raad wat die Raad benoem, by wie se ontstentenis 'n lid wat deur die vergadering benoem word, die Voorsitter.

6. VERKIESING VAN RAADSLEDE

(a) Raadslede beklee hul amp tot aan die einde van die daaropvolgende algemene jaarvergadering, waarop hulle herkiesbaar word.

(b) Niemand is verkiesbaar tot lid van die Raad nie, tensy hy—

(i) 'n lid is wat minstens vyf jaar lank in die Provinsie Natal as prokureur gepraktiseer het; en

(ii) praktiseer in 'n kantoor geleë in die gebied waarvoor hy benoem word.

(c) 'n Kandidaat vir verkiesing moet skriftelik benoem word onder handtekening van twee lede en die kandidaat moet sodanige benoeming onder sy handtekening of dié van sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger aanvaar. Die benoeming moet in die vorm wees soos in die tweede bylae hiervan uiteengesit.

(d) Die benoeming van 'n kandidaat moet aan die Sekretaris gelewer word minstens 17 dae voor die datum waarop die Genootskap se algemene jaarvergadering gehou gaan word.

(e) Indien minder as 13 benoemings ontvang word, het die oorblywende Raadslede die bevoegdheid om te eniger tyd 'n lid te benoem om die vakature te vul, op voorwaarde dat die aldus benoemde lid bevoegd is om die vakature te vul.

(f) Indien die getal kandidate wat behoorlik genomineer word nie groter is as die getal wat vir 'n gebied verkies moet word nie, word die benoemde kandidate aan die einde van die algemene jaarvergadering geag behoorlik verkose te wees.

(g) Indien daar meer kandidate as vakatures vir lede van die Raad ingevolge Reël 2 is, moet die verkiesing of verkiesings soos volg per stembrief plaasvind:

(i) Minstens 10 volle dae voor die datum van die algemene jaarvergadering moet die Sekretaris 'n stembrief vergesel van 'n identifikasiekoevert en 'n koevert met die adres van die Sekretaris en die woord "Stembrief" daarop aan elke lid pos.

(ii) Die identifikasiekoevert moet 'n verklaring wesenlik in onderstaande vorm op die voorkant daarvan gedruk hê:

Ek (meld naam) ..... van (meld adres) ..... synde 'n lid van die Natalse Wetsgenootskap, verklaar hierby dat ek die persoon is aan wie die ingeslote stembrief geadresseer was, dat ek stemgeregtig is en geen ander stembrief in hierdie verkiesing terugbesorg het nie.

(Handtekening van stemgeregtigde) .....
Geteken te ..... op hierdie ..... dag van ..... 19.....

(g) A proxy shall be in such form as may be laid down by the Council from time to time and shall be in the form set out in the First Schedule hereto.

(h) No proxy form shall be acted upon unless it is signed by the person granting such proxy and delivered to the Secretary at least 24 hours before the time fixed for the meeting at which it is intended to be used.

(i) The President, failing whom a Vice-President nominated by the Council, failing whom a member of the Council appointed by the Council, failing whom a member appointed by the meeting, shall be the Chairman of a general meeting.

6. ELECTION OF COUNCILLORS

(a) Councillors shall hold office until the conclusion of the next ensuing annual general meeting, at which they shall be eligible for re-election.

(b) No person shall be eligible for election as a member of the Council unless such person—

(i) is a member who has practised as an attorney in the Province of Natal for at least five years; and

(ii) conducts his practice at an office situate in the area for which he is nominated.

(c) A candidate for election shall be nominated in writing over the signature of two members and such nomination shall be accepted in writing by the candidate over his signature or that of his duly authorised representative. The nomination shall be in the form set out in the Second Schedule hereto.

(d) The nomination of a candidate must be delivered to the Secretary not less than 17 days prior to the date upon which the annual general meeting of the Society is to be held.

(e) If less than 13 nominations are received, the remaining Councillors shall have the power at any time to appoint a member to fill the vacancy provided that the member so appointed is eligible to fill the vacancy.

(f) If no greater number of candidates is duly nominated than the number to be elected for any area, the candidates nominated shall be deemed to be duly elected at the conclusion of the annual general meeting.

(g) When there are more candidates than vacancies for members of the Council in terms of Rule 2, the election or elections shall be by ballot which shall take place as follows:

(i) Ten clear days at least before the date of the annual general meeting the Secretary shall send by post to each member a ballot voting paper accompanied by an identification envelope and an envelope bearing the address of the Secretary and the words "Voting paper".

(ii) The identification envelope shall have printed on the face of it a declaration substantially in the following form:

I (state name) ..... of (state address) ..... being a member of the Natal Law Society do hereby declare that I am the person to whom the enclosed voting paper was addressed, that I am entitled to vote and that I have not returned any other voting paper in this election.

(Signature of voter) .....
Signed at ..... this ..... day of ..... 19 .....

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(iii) Die stembrief moet vir elke gebied waar gestem moet word die name van die kandidate wat vir die verkiesing benoem is in alfabetiese orde bevat asook die getal kandidate wat vir die gebied verkies moet word, en elke lid wat 'n stembrief ontvang en stemgeregtig is, moet sy keuse van kandidate daarop aanbring deur 'n kruis te maak teenoor die name van die kandidate vir wie hy wil stem.

(iv) 'n Stemgeregtigde moet die ingevulde stembrief in die identifikasiekoevert plaas, bedoelde koevert verseël, die verklaring daarop onderteken en dit per pos deurstuur in die koevert wat aan die Sekretaris gerig is of anders moet hy dit aan die Sekretaris lewer om hom uiterlik om 09h00 op die dag voor die algemene jaarvergadering te bereik.

(h) 'n Stembrief is bedorwe en moet deur die stemopnemers verwerp word indien—

(i) meer kruise daarop aangebring is as die getal Raadslede wat vir daardie gebied nodig is; of

(ii) minder kruise daarop aangebring is as die getal Raadslede wat vir daardie gebied nodig is; of

(iii) dit anders onduidelik gemaak of anders nie ooreenkomstig hierdie reëls ingevul is nie; of

(iv) dit nie in die identifikasiekoevert ingesluit is nie; of

(v) meer as een ingevulde stembrief in 'n identifikasiekoevert ingesluit is; of

(vi) die verklaring wat op die identifikasiekoevert voorkom nie ooreenkomstig hierdie reëls voltooi word nie.

(i) Die Sekretaris moet alle identifikasiekoeverte onoopgemaak behou en hulle op die laaste dag wat vir die ontvangs van stembriewe bepaal is, oorhandig aan die stemopnemers wat twee lede moet wees wat die Voorsitter na die sluiting van nominasies aanstel. Geen kandidaat en geen voorsteller of sekondant van 'n kandidaat mag as stemopnemer aangestel word nie.

(j) Na 09h00 op die dag voor die algemene jaarvergadering moet die stemopnemers—

(i) al die identifikasiekoeverte en die verklarings daarop ondersoek en die identifikasiekoeverte waarop die verklarings nie ooreenkomstig hierdie reëls ingevul is nie of deur persone ingevul is wat nie stemgeregtig is nie, verwerp en onoopgemaak laat;

(ii) daardie identifikasiekoeverte wat hulle nie verwerp het nie, oopmaak;

(iii) die stembriewe uit bedoelde identifikasiekoeverte uithaal en hulle in 'n geslote stembus met 'n gleuf vir sodanige doeleindes plaas: Met dien verstande dat ingeval 'n identifikasiekoevert meer as een voltooide stembrief bevat, albei sodanige stembriewe deur die stemopnemers verwerp moet word;

(iv) die stembus oopmaak, die stembriewe ondersoek, stembriewe wat ooreenkomstig hierdie reëls bedorwe is verwerp en die getal onbedorwe stembriewe tel wat ten opsigte van elke kandidaat uitgebring is.

(k) Nadat die stemopnemers die stemme getel het, moet hulle 'n verslag opstel waarin hulle die volgende moet aanteken, en sodanige verslag moet aan die Sekretaris gelewer word—

(i) die naam van elke kandidaat wat vir verkiesing in elke gebied genomineer is en die totale getal stemme wat ten gunste van elke kandidaat uitgebring is in dalende numeriese orde.

(ii) die totale getal stembriewe wat ontvang is.

(iii) die getal verworpe stembriewe (as daar is).

(iii) The ballot voting paper shall contain for each area in which a ballot is necessary the names of the candidates nominated for election in alphabetical order and the number of candidates to be elected for the area and every member receiving a ballot voting paper and entitled to vote shall record his choice of candidates thereon by making a cross against the names of the candidates for whom he desires to vote.

(iv) A voter shall place his completed ballot voting paper in the identification envelope, seal that envelope, sign the declaration thereon and transmit it by post in the envelope addressed to the Secretary or otherwise deliver it to the Secretary, so as to reach him by not later than 09h00 on the day preceding that of the annual general meeting.

(h) A ballot voting paper shall be spoilt and shall be rejected by the scrutineers if—

(i) more crosses are recorded on it than the number of Councillors required for that area; or

(ii) sufficient crosses are not recorded on it for the full number of Councillors required for that area; or

(iii) it is otherwise rendered unintelligible or is otherwise not completed in accordance with these Rules; or

(iv) it is not contained in the identification envelope; or

(v) more than one completed ballot voting paper is contained in an identification envelope; or

(vi) the declaration appearing on the identification envelope is not completed in accordance with these Rules.

(i) The Secretary shall retain, unopened, all identification envelopes and shall deliver the same upon the last date fixed for the receipt for voting papers to the scrutineers, who shall be two members appointed by the President after the close of nominations. No candidate and no proposer or seconder of a candidate may be appointed as a scrutineer.

(j) After 09h00 on the day preceding the annual general meeting the scrutineers shall—

(i) examine the identification envelopes and the declarations thereon and reject and leave unopened those identification envelopes on which the declarations have not been completed in accordance with these Rules or have been completed by persons not qualified to vote;

(ii) open those identification envelopes which they have not rejected;

(iii) extract from those envelopes the ballot voting papers and insert them into a closed ballot box containing an aperture for such purposes, provided that in the event of an identification envelope containing more than one completed ballot voting paper the scrutineers shall reject both such papers;

(iv) open the ballot box, examine the voting papers, reject those papers that are spoilt papers in terms of these rules and count the number of unspoilt votes recorded for each candidate.

(k) After counting the votes the scrutineers shall prepare a report in which they shall record—

(i) the name of each candidate nominated for election in each area and the total number of votes cast in favour of each candidate in descending numerical order;

(ii) the total number of voting papers received;

(iii) the number (if any) of voting papers rejected;

and shall deliver such report to the Secretary.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(l) Na ontvangs van die stemopnemers se verslag moet die Sekretaris onverwyld reël dat bedoelde verslag besorg word aan die President wat, nadat hy homself daarvan vergewis het dat die verslag op die uiterlike volledig en reëlmatig is, die uitslag van die verkiesing aan die algemene jaarvergadering bekend moet maak. Sodanige bekendmaking is finaal en bindend ondanks enige onreëlmatigheid of informaliteit.

(m) In die geval van 'n staking van stemme moet die kandidate wat ewe veel stemme het, lootjies trek op die algemene jaarvergadering, en indien 'n kandidaat afwesig is, moet die President of 'n ander persoon deur hom benoem die afwesige kandidaat se lootjie trek.

7. VERKIESING VAN AMPSDRAERS

(a) Op die eerste Raadsvergadering na die algemene jaarvergadering moet die Raad uit sy geledere—

(i) 'n President
(ii) twee Vise-presidente
(iii) die Voorsitter en die lede van elk van die vaste komitees wat in Reël 10 vermeld word,

kies om hul amp te beklee tot die volgende verkiesing van ampsdraers die volgende jaar; met dien verstande dat die Raad die verkiesing van enige ampsdraer tot 'n latere vergadering van die Raad kan uitstel.

(b) 'n Ampsdraer wat in Reël 7 (a) hierbo vermeld word, hou op om sy amp te beklee indien hy bedank deur die Sekretaris skriftelik kennis te gee of indien hy ophou om 'n Raadslid te wees.

(c) Indien enige sodanige amp vakant raak, moet die Raad die vakature vul met behoorlike inagneming van die bepalings van artikel 9 van die Wet.

8. VERRIGTINGE VAN DIE RAAD

(a) Gewone vergaderings van die Raad word op die eerste Vrydag van elke maand gehou, maar die Raad kan die datum van 'n vergadering uitstel of vervroeg.

(b) Enige drie Raadslede kan die President met skriftelike kennisgewing versoek om 'n spesiale vergadering van die Raad te belê om enige spesiale saak te oorweeg. Sodanige rekwisisie moet besonderhede bevat aangaande die saak wat op die vergadering verrig moet word. Die vergadering moet belê word op die wyse soos in Reël 3 (d) hiervan bepaal.

(c) Die President of een van die Vise-presidente kan 'n spesiale vergadering van die Raad belê deur minstens 'n volle dag voor die datum van die voorgestelde vergadering daarvan kennis te gee.

(d) Die Sekretaris moet 'n agenda van die sake wat op elke gewone vergadering van die Raad verrig moet word, minstens sewe dae voor die datum van die vergadering aan alle Raadslede pos of lewer.

(e) 'n Raadslid is, behalwe met die toestemming van die Voorsitter, nie daarop geregtig om 'n saak wat nie op die agenda verskyn nie vir bespreking op sodanige vergadering voor te lê nie.

(f) Die President is Voorsitter van alle vergaderings van die Raad en by sy ontstentenis 'n Vise-president, by wie se onstentenis 'n voorsitter wat op die vergadering gekies word.

(g) Behoudens andersluidende bepalings van hierdie reëls maak sewe Raadslede 'n kworum uit.

(h) Indien daar na verloop van 15 minute na die uur waarvoor die vergadering belê is nog geen kworum opgedaag het nie, kan die Voorsitter die vergadering verdaag tot 'n datum en tyd wat hy bepaal.

(1) Upon receipt of the scrutineers' report the Secretary shall forthwith arrange for that report to be delivered to the President who, after having satisfied himself that such report is complete and regular on the face of it, shall declare the result of the election to the annual general meeting. Such declaration shall be final and binding notwithstanding any irregularity or informality.

(m) In the event of an equality of votes, the candidates having an equal number shall draw lots at the annual general meeting and in the event of a candidate being absent the President or some other person nominated by him shall draw the lot of the absent candidate.

7. ELECTION OF OFFICE BEARERS

(a) At the first meeting of the Council after the annual general meeting the Council shall elect from amongst the Councillors—

(i) a President;
(ii) two Vice-Presidents;
(iii) the Chairman and the members of each of the standing committees referred to in Rule 10;

to hold office until the next election of office bearers in the following year, provided that the Council may defer the election of any office bearer to a later meeting of the Council.

(b) An office bearer referred to in Subrule 7 (a) above, shall cease to hold office if he resigns by giving written notice to the Secretary or if he ceases to be a Councillor.

(c) If any vacancy occurs in any such office the Council shall fill such vacancy and in doing so shall have due regard to the provisions of section 9 of the Act.

8. PROCEEDINGS OF THE COUNCIL

(a) Ordinary meetings of the Council shall be held on the first Friday of each month but the Council may postpone or advance the date of any meeting.

(b) Any three Councillors may, by written notice, request the President to convene a special meeting of the Council to consider any special business. Such requisition shall contain details of the business to be conducted at the meeting. The meeting shall be convened in the manner provided for in Subrule 3 (d) hereof.

(c) The President or any of the Vice-Presidents may call a special meeting of the Council by giving notice thereof at least one clear day prior to the date of the proposed meeting.

(d) The Secretary shall post or deliver to all Councillors an agenda of the business to be conducted at each ordinary meeting of the Council at least seven days prior to the date of the meeting.

(e) A Councillor shall not be entitled, save with the leave of the Chairman, to introduce a matter for discussion at such meeting which does not appear on the agenda.

(f) The Chairman of all meetings of the Council shall be the President, whom failing a Vice-President, whom failing a Chairman elected at the meeting.

(g) Save as otherwise provided in these Rules, seven Councillors shall constitute a quorum.

(h) In default of a quorum after the lapse of 15 minutes beyond the time fixed for the commencement of the meeting, the Chairman may adjourn the meeting to a date and time fixed by him.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(i) Behoudens die bepalings van Reëls 9 (c) en 15 (f) word alle aangeleenthede wat op 'n vergadering van die Raad bespreek word, beslis deur 'n meerderheid van die Raadslede wat aldaar teenwoordig is en persoonlik stem. In die geval van 'n staking van stemme het die Voorsitter, benewens sy stem as Raadslid, 'n tweede of beslissende stem. Elke Raadslid wat tydens 'n stemming teenwoordig is, moet sy stem uitbring.

(j) Behalwe met die toestemming van die Voorsitter is geen Raadslid daarop geregtig om meer as een maal te praat oor enige saak wat vir bespreking te berde gebring word nie.

(k) Die Raad moet notules laat hou van alle sake wat op Raadsvergaderings verrig word.

(l) 'n Raadslid word nie uit hoofde van sy amp belet om met die Raad te kontrakteer nie, en die Raad kan enige Raadslid besoldig of vergoed vir enige dienste wat hy ten behoewe van die Raad of in belang van die Genootskap verrig het en kan toelaes betaal ter vergoeding van enige reis-, verblyf- of ander koste wat sodanige Raadslid ten behoewe of in belang van die Raad of die Genootskap aangegaan het.

9. BEDANKING, SKORSING EN DISKWALIFIKASIE VAN RAADSLEDE

(a) 'n Raadslid hou op om as sodanig die amp te beklee—

(i) wanneer die Raad sy skriftelike bedanking ontvang;

(ii) wanneer hy in sy praktyk geskors of as prokureur van die rol verwyder word;

(iii) wanneer hy ophou om 'n lid te wees;

(iv) wanneer sy boedel as insolvent gesekwestreer of oorgegee word;

(v) indien hy sonder verlof wegbly van alle vergaderings van die Raad gehou oor 'n tydperk van drie agtereenvolgende kalendermaande;

(vi) indien die Raad besluit dat hy uit sy amp ontslaan moet word.

(b) Die Raad kan enige Raadslid in sy amp skors en enige Raadslid wat geskors is in sy amp herstel.

(c) Geen besluit tot die ontslag of skorsing van 'n Raadslid kan uitgevoer word nie, tensy minstens nege Raadslede teenwoordig is op die vergadering waar die besluit tot stemming gebring word en minstens tweederdes van sodanige Raadslede ten gunste van die besluit stem.

10. KOMITEES

(a) Die vaste komitees van die Raad is—

(i) die Komitee vir Geldsake;

(ii) die Durbanse Biblioteekkomitee;

(iii) die Pietermaritzburgse Biblioteekkomitee;

(iv) 'n tugkomitee of -komitees.

(b) Die Komitee vir Geldsake is verantwoordelik vir die bestuur van die Genootskap se geldsake en moet maandeliks 'n finansiële verslag aan die Raad voorlê.

(c) Die Bibloteekkomitees is verantwoordelik vir die administrasie van en beheer oor die Raad se biblioteke in Durban en Pietermaritzburg.

(d) Die tugkomitee of -komitees is verantwoordelik vir die behartiging van tugaangeleenthede.

(e) Die Raad kan van tyd tot tyd *ad hoc*-komitees saamstel en elke sodanige komitee moet aan sodanige reëls voldoen as wat die Raad hom oplê. Iemand wat nie 'n lid van die Genootskap is nie en in 'n *ad hoc*-komitee aangestel word, is nie stemgeregtig nie.

(i) Subject to the provisions of Rules 9 (c) and 15 (f), all questions discussed at a meeting of the Council shall be decided by a majority of the Councillors there present and voting in person. The Chairman shall, in the event of an equality of votes, have a second or casting vote in addition to his vote as a Councillor. Every Councillor present when a vote is taken must record his vote.

(j) No Councillor shall be entitled to speak more than once on any matter raised for debate save with the leave of the Chairman.

(k) The Council shall cause Minutes to be kept of all business conducted at Council meetings.

(l) A Councillor shall not, by reason of his office, be precluded from contracting with the Council and the Council may remunerate or compensate any Councillor for any services performed by him on behalf of the Council or in the interests of the Society and may pay allowances as compensation for any travelling, subsistence or other expenses incurred by such Councillor on behalf of or in the interests of the Council or the Society.

9. RESIGNATION, SUSPENSION AND DISQUALIFICATION OF COUNCILLORS

(a) A Councillor shall cease to hold office as such—

(i) upon receipt by the Council of his resignation in writing;

(ii) upon his suspension from practice or removal from the roll as an attorney;

(iii) upon his ceasing to be a member;

(iv) upon the sequestration or surrender of his estate as insolvent;

(v) upon his absenting himself without leave from all meetings of the Council held over a period of three consecutive calendar months;

(vi) upon the Council resolving that he be removed from office.

(b) The Council may suspend any Councillor from office and may restore to office any Councillor who has been suspended.

(c) No resolution for the removal or suspension of a Councillor shall be acted upon unless at least nine Councillors are present at the meeting at which the resolution is voted upon and at least two-thirds of such Councillors vote in favour of the resolution.

10. COMMITTEES

(a) The Standing Committees of the Council shall be—

(i) The Finance Committee;

(ii) The Durban Library Committee;

(iii) The Pietermaritzburg Library Committee;

(iv) a Disciplinary Committee or Committees.

(b) The Finance Committee shall be responsible for the management of the finances of the Society and it shall submit a financial report to the Council at monthly intervals.

(c) The Library Committees shall be responsible for the administration and control of the Council's libraries in Durban and Pietermaritzburg.

(d) The Disciplinary Committee or Committees shall be responsible for attending to disciplinary matters.

(e) The Council may constitute *ad hoc* committees from time to time and each such committee shall conform to such rules as may be imposed on it by the Council. A person appointed to an *ad hoc* committee who is not a member of the Society shall have no vote.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(f) Behoudens enige beperking wat die Raad oplê, het 'n komitee die bevoegdheid om addisionele lede te koöpteer.

(g) Die Raad kan sekundusse vir die lede van 'n komitee benoem. 'n Sekundus kan vergaderings bywoon van die komitee waartoe hy benoem is, maar hy mag slegs praat en stem indien die lid vir wie hy sekundis is van die vergadering afwesig is.

(h) Die nodige kworum vir die verrigting van die sake van 'n komitee kan deur die Raad bepaal word en tensy aldus bepaal, bestaan dit uit twee lede wat stemgeregtig is.

(i) 'n Komitee kan na goedvinde vergader en verdaag. Sake wat op 'n vergadering te berde gebring word, word beslis deur 'n meerderheid stemme van die lede wat teenwoordig en stemgeregtig is, en in die geval van 'n staking van stemme het die Voorsitter 'n tweede of beslissende stem.

(j) Indien die Voorsitter van 'n komitee nie op 'n vergadering daarvan teenwoordig is nie, kan die lede wat teenwoordig is 'n stemgeregtigde uit eie geledere tot Voorsitter van die vergadering kies.

11. PERSONEEL

(a) Die Raad moet 'n Sekretaris aanstel en kan sodanige ander persone aanstel as wat hy nodig ag om die Raad behulpsaam te wees met die uitvoering van sy pligte en kan hulle vir hul dienste vergoed.

(b) Alle aanstellings van die Raad is onderworpe aan sodanige bedinge en voorwaardes wat die Raad na goeddunke bepaal en kan beëindig word na gelang die Raad goedvind.

12. DIE SEKRETARIS

(a) Die Sekretaris is die hoof- uitvoerende beampte van die Genootskap.

(b) Die Sekretaris moet sy funksies verrig ooreenkomstig die Raad se opdragte.

(c) Die Sekretaris is die bewaarder van alle boeke, dokumente, stukke, oorkondes, sekuriteite, los en vaste toebehore, meublement en ander roerende bates wat aan die Genootskap behoort of in sy bewaring is.

(d) Die Sekretaris moet in 'n notuleboek of -boeke aantekening hou van alle verrigtinge van die Raad en van die Genootskap.

(e) Die Sekretaris moet 'n register hou van alle lede aantonende hul volle name en besigheidsadresse.

(f) Die Sekretaris moet alle dokumente opstel, alle korrespondensie voer en al die funksies verrig wat op sy amp betrekking het.

(g) Die Sekretaris moet benewens sy ander pligte ook dié van Tesourier van die Genootskap verrig en moet—

(i) alle gelde wat die Genootskap ontvang vir krediet van 'n rekening in naam van die Genootskap by 'n bank of bouvereniging wat die Raad vir daardie doel aanwys, deponeer;

(ii) behoorlik boekhou van die Genootskap se inkomste en uitgawes en sy bates en laste.

13. KENNISGEWINGS

Enige skriftelike kennisgewing wat deur die Raad of die Sekretaris aan 'n firma gerig word by die adres waarvan bedoelde firma die Sekretaris in kennis gestel het, word geag wettiglik gegee te gewees het en sodanige firma word geag sodanige kennisgewing te ontvang het—

(i) op die vierde dag nadat dit per voorafbetaalde aangetekende pos gepos is; of

(ii) by fisiese aflewering daarvan by sodanige adres.

(f) Subject to any limitation imposed by the Council, a committee shall have the power to co-opt additional members.

(g) The Council may appoint alternates to the members of a committee. An alternate may attend meetings of the committee to which he is appointed but he may only speak and vote when the member to whom he is an alternate is absent from the meeting.

(h) The quorum necessary for the transaction of the business of a committee may be fixed by the Council and unless so fixed shall be two members having the right to vote.

(i) A committee may meet and adjourn as it thinks fit. Questions arising at any meeting shall be determined by a majority of votes of the members present and entitled to vote and in the event of an equality of votes the Chairman shall have a second or casting vote.

(j) If at any meeting of a committee the Chairman is not present, the members present may elect one of their number who has the right to vote to be the Chairman of the meeting.

11. STAFF

(a) The Council shall appoint a Secretary and may appoint other persons such as it considers necessary to assist the Council in the performance of its duties and it may remunerate them for their services.

(b) All appointments by the Council shall be upon such terms and conditions as the Council may in its discretion determine and may be terminated as and when the Council sees fit.

12. THE SECRETARY

(a) The Secretary shall be the chief administrative officer of the Society.

(b) The Secretary shall perform his functions in accordance with the directions of the Council.

(c) The Secretary shall be the custodian of all books, documents, papers, records, securities, fixtures, furniture, fittings and other movable assets belonging to or lodged with the Society.

(d) The Secretary shall keep a record of all proceedings of the Council and of the Society in a minute book or books.

(e) The Secretary shall maintain a Register of all members containing the full names and business addresses of each member.

(f) The Secretary shall prepare all documents, conduct all correspondence and perform all of the functions appertaining to his office.

(g) The Secretary shall, in addition to his other duties, be the Treasurer of the Society and he shall—

(i) promptly deposit all moneys received by the Society to the credit of an account in the name of the Society at a bank or building society designated for that purpose by the Council;

(ii) keep proper accounts of the income and expenditure and of the assets and liabilities of the Society.

13. NOTICES

Any notice in writing addressed by the Council or by the Secretary to any firm at the address notified by that firm to the Secretary, shall be deemed to have been validly given and any such firm shall be deemed to have received such notice—

(i) on the fourth day following its posting by prepaid registered post; or

(ii) on physical delivery thereof at such address.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

14. WANGEDRAG

(a) Die Raad kan van tyd tot tyd riglyne vir sy lede publiseer in die vorm van reglemente betreffende die gedragstandaarde waaraan hy verwag sy lede hulleself moet hou.

(b) Onprofessionele of oneervolle of onbetaamlike gedrag aan die kant van 'n lid sluit in sonder om die algemeenheid van die terme te beperk:

(i) Troubreuk of trustbreuk met betrekking tot sy kliënt of met betrekking tot enige boedel waarvan hy die eksekuteur, administrateur, trustee, likwidateur, kurator of beheerder is;

(ii) die weerhouding van die betaling van trustgelde sonder wettige rede;

(iii) versuim om binne 'n redelike tydperk te antwoord op 'n navraag deur 'n persoon aan wie hy 'n antwoord verskuldig is;

(iv) versuim om binne 'n redelike tydperk sy kliënt van 'n gespesifiseerde rekeningafskrif te voorsien nadat hy aangesê is om dit te doen;

(v) om sonder goeie redes te versuim om 'n bestorwe boedel sonder onredelike vertraging te beredder;

(vi) regstreeks of onregstreeks opdragte om professionele besigheid werf of lok of daarom adverteer of enigiets in die loop van sy praktyk doen of toelaat wat redelikerwys geag kan word waarskynlik besigheid op onbillike wyse aan te trek;

(vii) beroep uitoefen in 'n kantoor wat nie onder die regstreekse en persoonlike toesig van 'n behoorlik gekwalifiseerde prokureur is nie;

(viii) die afstaan of neem van toelaes in stryd met hierdie reëls;

(ix) kantore te deel met 'n persoon wat nie 'n sertifikaat hoef uit te neem ingevolge Wet 19 van 1941, soos gewysig, nie;

(x) op enige wyse 'n ongekwalifiseerde persoon behulpsaam te wees of toe te laat of in staat te stel om enige gelde te vorder, te verhaal of te ontvang of om enige vergoeding te kry vir, ten opsigte van of in verband met die voorbereiding of verlyding van enige dokument of die verrigting van enige professionele werk wat slegs 'n prokureur, notaris of transportbesorger, na gelang van die geval, volgens wet bevoeg is om voor te berei, te onderteken, te verly, te attesteer of uit te voer, of om op enige wyse 'n afspraak, ooreenkoms of verstandhouding hoegenaamd waarvolgens enige sodanige geld of vergoeding soos voormeld, gevorder, verhaal of ontvang word of sal word deur enige ongekwalifiseerde persoon oogluikend toe te laat;

(xi) versuim om binne 'n redelike tyd die redelike gelde en uitgawes van 'n prokureur, notaris of aktebesorger ten opsigte van werk wat hy aan sodanige praktisyn toevertrou het, te betaal tensy—

(aa) hy sodanige praktisyn ten tye van die gee van aanvanklike opdragte met betrekking tot sodanige werk daarvan in kennis gestel het dat hy homself nie aanspreeklik hou vir die betaling van sodanige gelde en uitgawes nie, of

(bb) betaling weerhou is om 'n rede wat die Raad goed en voldoende ag.

(xii) om in 'n brief van aanmaning die betaling van die koste van aanmaning of invorderingskommissie te eis tensy die debiteur regtens verplig is om sodanige koste of kommissie te betaal.

(xiii) enige wesenlike skending van die bepalings van die Toelatingswet of van hierdie Reëls.

14. MISCONDUCT

(a) The Council may from time to time publish to its members guidelines in the form of rulings concerning the standards of conduct to which it expects members to adhere.

(b) Unprofessional or dishonourable or unworthy conduct on the part of a member shall, without restricting the generality of those terms, include:

(i) A breach of faith or trust in relation to his client or in relation to any estate of which he is the executor, administrator, trustee, liquidator, receiver, or curator.

(ii) Withholding the payment of trust moneys without lawful excuse.

(iii) Failing within a reasonable time to respond to an enquiry from a person to whom he owes a duty to reply.

(iv) Failing within a reasonable time to render his client a detailed statement of account after being called upon so to do.

(v) Failing without good cause to wind up a deceased estate without undue delay.

(vi) Directly or indirectly inviting or advertising or touting for instructions for professional business or doing or permitting in the carrying on of his practice anything which may reasonably be regarded as likely to attract business unfairly.

(vii) Carrying on practice at any office which is not under the direct and personal supervision of a duly qualified attorney.

(viii) Giving or taking allowances in contravention of these rules.

(ix) Sharing offices with a person who is not required to take out a certificate in terms of Act 19 of 1941 as amended.

(x) In any way assisting, allowing or enabling an unqualified person to charge, recover or receive any fee, or derive any remuneration for, in respect of or in connection with the preparation or execution of any document, or the performance of any professional work which only an attorney, notary or conveyancer, as the case may be, is qualified by law to prepare, sign, execute, attest or perform, or in any way conniving at any arrangement, agreement or understanding whatsoever whereby any such fee or remuneration as aforesaid is or shall be charged, recovered or received, by any such unqualified person.

(xi) Failing to pay within a reasonable time the reasonable fees and disbursements of any attorney, notary or conveyancer in respect of work entrusted to such practitioner by him unless—

(i) at the time of giving initial instructions in regard to such work, he advised such practitioner that he did not hold himself responsible for the payment of such fees and disbursements; or

(ii) payment is withheld for a reason which the Council deems good and sufficient.

(xii) Claiming in a letter of demand payment of costs of demand or collection commission unless the debtor is under a legal obligation to pay such costs or commission.

(xiii) Any material breach of the provisions of the Admission Act or of these Rules.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(c) Dit word geag onprofessionele gedrag te wees indien 'n prokureur optree in opdrag van 'n organisasie of persoon wat nie 'n praktiserende prokureur of 'n assessor is wat in opdrag van 'n geregistreerde versekeringsmaatskappy optree nie en wie se besigheid of deel van wie se besigheid dit is om eise voortspruitende uit dood of persoonlike besering in te stel, te ondersteun of deur te voer in verwagting van betaling, skenking of voordeel ten opsigte daarvan tensy die verhouding tussen die prokureur en die persoon namens wie hy instruksies ontvang 'n behoorlike prokureur-en-kliënt-verhouding is en—

(i) instruksies daarna regstreeks van die kliënt ontvang word; en

(ii) die prokureurskoste deur sodanige kliënt betaalbaar is; en

(iii) die prokureur se selfstandige professionele oordeel sonder inmenging of beheer van buite ten behoewe van sodanige kliënt uitgeoefen word.

15. TUGMAATREËLS

(a) (i) Die Raad kan self die tugbevoegdhede uitoefen wat in die Wet uiteengesit word of kan al of enige van sodanige bevoegdhede opdra aan 'n tugkomitee of -komitees wat ingevolge Reël 10 deur hom aangestel is;

(ii) behoudens die bepalings van artikel 17 van die Wet en enige resolusie van die Raad moet die voorsitter van 'n tugkomitee die wyse bepaal waarop bedoelde komitee sy pligte moet nakom.

(b) Behoudens enige beperking wat by 'n resolusie van die Raad opgelê word wanneer hy sy pligte opdra, of enige wysiging daarvan, het 'n tugkomitee onderstaande bevoegdhede, naamlik:

(i) Om te bepaal watter inligting die Sekretaris moet verstrek aan 'n klaer wat voornemens is om 'n klag in te dien en watter hulp die Sekretaris moet verleen aan 'n klaer wat om goeie redes nie sonder hulp 'n klag kan indien nie;

(ii) om, voordat hy 'n klag ondersoek, van 'n klaer te verwag om sy klag formeel op skrif te stel en dit by beëdigde verklaring te bevestig;

(iii) om van die klaer te verwag om sodanige verdere getuienis as wat hy verlang, skriftelik of mondeling, dokumentêr of andersins te verstrek;

(iv) om aan die lid ten opsigte van wie 'n klag ontvang is sodanige besonderhede van die klag te verstrek as wat nodig is om hom in staat te stel om te kan antwoord;

(v) om uit eie beweging die gedrag van enige lid te ondersoek, om 'n pro forma-klag op te stel en ten opsigte van bedoelde klag dieselfde bevoegdhede uit te oefen as wat hy het ten opsigte van enige ander klag;

(vi) om die lid teen wie 'n klag ingedien is aan te sê om die Sekretaris binne 'n vasgestelde tyd skriftelik te antwoord;

(vii) om die lid teen wie die klag ingedien is aan te sê om sy antwoord by beëdigde verklaring te bevestig;

(viii) om die lid teen wie die klag ingedien is aan te sê om sodanige verdere getuienis as wat hy verlang skriftelik of mondeling, dokumentêr of andersins, te verstrek;

(ix) om die lid aan te sê om voor hom te verskyn;

(x) om 'n klag van die hand te wys wat na sy oordeel nie prima facie of by oorweging van die lid se antwoord onprofessionele, oneerbare of onbetaamlike gedrag openbaar nie.

(c) It shall be regarded as unprofessional conduct for an attorney to act on the instructions of any organisation or person, not being a practising attorney or an assessor acting on the instructions of a registered insurance company, whose business or part of whose business is to make, support or prosecute claims resulting from death or personal injury or who solicits instructions to make, support or prosecute any such claim in expectation of any payment, gift or benefit in respect thereof, unless the relationship between the attorney and the person on whose behalf instructions are given to him is properly a relationship of attorney and client and—

(i) instructions thereafter are received from such client direct; and

(ii) the attorney's cost and charges are payable by such client; and

(iii) the attorney's independent professional judgement is exercised on behalf of such client without outside interference or control.

15. DISCIPLINARY RULES

(a) (i) The Council may itself exercise the disciplinary powers set out in the Act, or it may assign all or any of such powers to a disciplinary committee or committees appointed by it in terms of Rule 10;

(ii) subject to the provisions of section 17 of the Act and to any resolution of the Council. The Chairman of a disciplinary committee shall determine the manner in which it shall discharge its duties.

(b) Subject to any limitation imposed by a resolution of the Council when assigning its duties, or any variation thereof, a disciplinary committee shall have the following powers, namely:

(i) To determine the information to be furnished by the Secretary to a complainant who intends to lodge a complaint and the assistance to be given by the Secretary to a complainant who for good cause cannot lodge a complaint unaided;

(ii) before it investigates any complaint, to require a complainant to make his complaint formally in writing and to verify it by affidavit;

(iii) to require the complainant to furnish such further evidence, written or oral, documentary or otherwise, as it may require;

(iv) to furnish the member in respect of whom a complaint has been received with such particulars of the complaint as may be necessary to enable him to reply;

(v) to investigate *mero motu* the conduct of any member, to draw up a pro forma complaint and to exercise in respect of that complaint, the same powers as it has with regard to any other complaint;

(vi) to direct the member against whom a complaint has been made to reply in writing to the Secretary within a stipulated time;

(vii) to direct the member against whom the complaint is made to verify his reply by affidavit;

(viii) to direct the member against whom the complaint is made to furnish such further evidence, written or oral, documentary or otherwise, as it may require;

(ix) require the member to appear before it;

(x) to dismiss a complaint which in its opinion does not prima facie or on consideration of the member's reply disclose unprofessional, dishonourable or unworthy conduct.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(c) Indien die tugkomitee na oorweging van 'n klag en die lid se antwoord van oordeel is dat die klag 'n prima facie-geval van onprofessionele of oneerbare of onbetaamlike gedrag openbaar, moet die komitee—

(i) die lid die keuse stel om òf hom aan 'n spesifieke straf te onderwerp wat die tugkomitee hom oplê, synde 'n teregwysing of 'n boete, dan wel 'n ondersoek te eis; of

(ii) 'n ondersoek laat hou; of

(iii) die aangeleentheid tesame met sy verslag en aanbeveling na die Raad verwys.

(d) Indien 'n tugkomitee besluit om 'n ondersoek te hou of indien 'n tugkomitee deur die Raad aangesê word om 'n ondersoek te hou, of indien 'n lid wie se gedrag die onderwerp van 'n klag is, 'n ondersoek ingevolge die bepalings van Subreël 15 (c) (1) eis—

(i) moet die tugkomitee 'n *ad hoc*-ondersoekkomitee aanstel, bestaande uit 'n voorsitter en twee ander raadslede, waarvan twee 'n kworum uitmaak;

(ii) moet die Voorsitter van die ondersoekkomitee behoudens die bepalings van die Wet en hierdie Reëls die wyse bepaal waarop die komitee sy pligte moet uitvoer asmede alle ander aangeleenthede met betrekking tot prosedure;

(iii) moet die tugkomitee 'n skriftelike dagvaarding onder die hand van die President of die Sekretaris van die Genootskap laat beteken aan die lid teen wie die klag ingedien is waarin hy aangesê word om voor die ondersoekkomitee te verskyn op die tyd en plek en datum wat in die dagvaarding vermeld word;

(iv) moet die dagvaarding die spesifieke klag of klagtes aangaande onprofessionele of oneerbare of onbetaamlike gedrag deur die betrokke lid uiteensit;

(v) kan die ondersoekkomitee, indien dit in die loop van 'n ondersoek vir hom blyk dat die lid in ander opsigte as dié wat in die dagvaardig aangevoer word aan onprofessionele, oneerbare of onbetaamlike gedrag skuldig mag wees, die klagtes wat in die dagvaarding vervat is, wysig of daartoe byvoeg, in welke geval die ondersoekkomitee die lid in kennis moet stel van die gewysigde klagtes en sodanige eventuele verdaging moet toestaan as wat nodig mag wees om die lid in staat te stel om sy verdediging voor te berei;

(vi) kan die tugkomitee 'n advokaat of 'n prokureur of die Sekretaris aanstel om getuienis aan te voer, die lid teen wie die klag ingedien is onder kruisverhoor te neem en om betoog te lewer;

(vii) kan die tugkomitee ook enige ander persoon laat dagvaar om by die ondersoek te verskyn op die wyse bepaal in artikel 17 (2) van die Wet;

(viii) kan die ondersoekkomitee, indien die lid teen wie 'n klag ingedien is of enige ander persoon wat ingevolge 'n dagvaarding aangesê is om te verskyn, versuim om te verskyn, in sy afwesigheid met die ondersoek voortgaan na afloop van 15 minute na die tyd wat vir die ondersoek bepaal is. Hierdie bevoegdheid is bykomend tot en nie vervangend van die strawwe waarvoor in artikel 19 van die Wet voorsiening gemaak word nie;

(ix) moet die oorblywende lede van die komitee, indien die Voorsitter van enige vergadering van die ondersoekkomitee afwesig is, uit eie geledere 'n waarnemende voorsitter kies en enige verwysing in hierdie reëls na die Voorsitter van 'n ondersoekkomitee word geag 'n verwysing na 'n waarnemende voorsitter in te sluit;

(c) if after consideration of a complaint and the member's reply, the disciplinary committee is of the opinion that the complaint disclosed a prima facie case of unprofessional or dishonourable or unworthy conduct, the committee shall—

(i) give the member the alternative of submitting to a specified punishment summarily imposed by the disciplinary committee, being a reprimand or fine, or of demanding an enquiry; or

(ii) cause an enquiry to be held; or

(iii) refer the matter to the Council together with its report and recommendation.

(d) If a disciplinary committee decides to hold an enquiry or if a disciplinary committee is directed by the Council to hold an enquiry, or if a member whose conduct is the subject of a complaint demands an enquiry in terms of the provisions of Subrule 15 (c) (1)—

(i) the disciplinary committee shall appoint an *ad hoc* enquiry committee consisting of a chairman and two other councillors, two of whom shall form a quorum;

(ii) the chairman of the enquiry committee shall, subject to the provisions of the Act and these Rules, determine the manner in which the committee shall discharge its duties and all other matters relating to procedure;

